13 Jan

Uitgawe 2010/01/13

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. (**1 Thess.5:16-18**). Sommige van julle moes al jul spaargeld gebruik met die finansiële chaos wat die pilare van die ekonomie laat intuimel. Mense het hul huise verloor. En dit is net die berigte van wat op nasionale vlak gebeur – individuele tragedies soos kanker en egskeiding, ens. oorweldig baie van ons lewens. Dit is ons verantwoordelikheid as Christene om die wêreld te verseker dat God in beheer is. Hy belowe om ons laste te dra. “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” (**Matt.11:28**). ***Vader, baie dankie vir die belofte wat ons in U het, dat U altyd na ons sal omsien. Help ons asseblief om op U te fokus en nie ons probleme nie. Ons vertrou op U alleen.***

Deurbraak : Woord van God vir Soedannese

Die bevelvoerder die [rebelse] Soedanese leër kaserne, wie nie ‘n gelowige is nie, het die werkers van *Bible League* toestemming gegee om onder die soldate te werk. Dit is ‘n wonderwerk! Sedertdien het meer as 1 000 soldate besluite gemaak om Jesus te volg en is gedoop. Die mense in Soedan praat baie verskillende tale en dialekte. Die Bybel is in sewe tale vertaal; die Nuwe Testament in vyftien. Een-en- twintig van die tale het gedeeltes van die Bybel wat reeds vertaal is. Die *Bible League* kon baie persone in die Soedannese (rebelse) leër bereik omdat die Skrif vertaal is in die taal van die soldate. (E-pos: etrisia@sudanpartners.org, 14/12/09). ***Bid dat meer van die vertalings voltooi sal word. Bid dat die Here die werkers van Bible League en Soedannese Christene sal gebruik om al die soldate en die Moslem mense groepe in Soedan te bereik, sodat hulle God se ewige liefde sal ervaar.***

Bid vir jou gemeenskap : Tiener seuns leer hoe om dogters te respekteer

‘n Generasie van jeugdiges wat nie weet hoe om vroue te behandel nie sal deur die Britse regering genader word in ‘n poging om die geweld en mishandeling in tienerverhoudings te stuit. Die veldtog kan ook kinders so jonk as vyf jaar insluit om hulle te leer oor die gelykheid tussen geslagte as deel van hul persoonlike, sosiale en gesondheidsonderwys, vir die jaar 2011, ‘n verpligte deel van hul nasionale kurrikulum sal wees. Reëls sal ook neergelê word om seksistiese en seksuele afknouerigheid teen te staan. ‘n Strategie om geweld teen vroue en dogters teen te werk is gepubliseer en dui daarop dat gesindhede van tieners in verhoudings moet verander. Daar is ook ‘n besorgdheid oor die aantal tiener seuns wat dogter verbaal mishandel, fisies aanval en dwing om saam te slaap. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 27/11/09). ***Bid dat jongmense in jou gemeenskap sal groei in die kennis van Jesus en dat hulle Hom sal dien. Bid dat hul dade sal verander soos hul gedagtes vernuwe word.*** (**Rom.12:2**).

Suid-Afrika : Leiers

Die apostel Paulus moedig ons aan in **1 Timotheus 2:1-4** om te bid vir diegene in leierskap. Die President van Suid-Afrika, Jacob Zuma gesê dat dit nie ‘n maklike taak is om ‘n nasie te bou wat eensgesind is terwyl dit so uiteenlopend is nie, maar dat ‘n goeie begin gemaak is die afgelope vyftien jaar. Die Konstitusie van Suid-Afrika waarborg menseregte vir almal, die reg tot ‘n minimum standaard van lewe, wat die reg tot gesondheid, onderwys, sosiale sekuriteit, kos en water insluit. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/986/001104ee9d4e4f048e1ab8281d9bfaff/11-12-2009-07-00/Not_easy_to_build_united_nation, 11/12/09). ***Bid asseblief dat elke belofte van die Konstitusie deur die politiese leiers van die land nagekom sal word. Bid dat politieke leiers wysheid by God sal soek oor hoe om die land te lei in die jaar 2010.***

Internasionaal : Afghanistan

Verslae spreek van skrikwekkende gebruike onder dogters en jong vroue in Afghanistan, waar hulle gedwing word om hulself aan die brand te steek om te vlug van mans wat hul mishandel of dreig tot ‘n geforseerde huwelik. Hierdie manier word as die enigste oplossing uit hierdie situasies gesien. Van die 51 gevalle oor die laaste sewe maande wat deur ‘n spesifieke hospitaal in Heart hanteer is, het net 13 dogters oorleef. In gevalle van mishandeling is dit baie keer die slagoffer en nie die oortreder wat gestraf word. Moorde van eer, waar dogters deur manlike familielede vermoor word vir dade soos ‘n buite-egtelike swangerskap (baie keer weens verkragting), is ‘n ander gevaarlike gebruik. (E-pos: pray@viva.org, 23/11/09). ***Bid vir dogters en jong vroue wat hierdie situasies in die gesig staar. Bid dat die Here vir hul ‘n ander uitweg sal gee en dat hulle beskerming en sekuriteit sal vind. Bid vir Christene in Afghanistan wat in kontak kom met dogters wat aan mishandeling blootgestel word; bid dat die Gelowiges vir hulle sal bemoedig en die liefde van God aan hul sal uitbeeld, en verduidelik dat dit Sy hart breek om hulle so te sien ly.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com